

WAT IS WATERBRON- BESTUURHEFFING EN HOEKOM MOET EK DIT BETAAL?

Waterbronbestuurheffing is die verbruiker se 'waterversekeringpolis' wat aan hom die reg verleen tot beskermde waterbronne.

Betaal jou Waterbronbestuurheffing en verseker dat:

- alle verbruikers 'n regmatige hoeveelheid water kry;
- monitering en beheer van besoedeling plaasvind om ons riviere in stand te hou;
- ontwikkeling van nuwe skemas en uitbreiding van bestaande skemas;
- uitheemse, indringerplante wat te veel water verbruik, uitgeroei word.

Die koste van Waterbronbestuur word bepaal kragtens die Nasionale Waterwet, (Wet no 36 van 1998) - Prysbevestigingstrategie vir Rouwaterverbruikheffings soos gepubliseer in 1999 ná samesprekings met alle belangrike rolspelers. Sedert 1 April 2002 word 'n waterbronbestuurheffing gehef om 'n gedeelte van die koste verbonde aan waterbestuur te verhaal. Geld wat in 'n betrokke gebied gehef word, sal vir die waterbronbestuur van daardie selfde gebied aangewend word om 'n beter diens aan verbruikers te lewer.


Die betaal van die Waterbronbestuurheffing waarborg die verbruiker se reg op beskermde waterhulpbronne



Departement: Waterwese en Bosbou


**Jou vennoot
in die bou
van 'n beter
toekoms**

TROTS
SUID-AFRIKAANS



Wie betaal waarvoor?

Waterverbruikers hoër op in 'n opvanggebied beïnvloed waterverbruikers laer af in dieselfde opvanggebied. Alle beduidende waterverbruikers in elke opvanggebied - hetsy nywerhede, myne, watervoorsieners, boere of besproeiers - sal dus die Waterbronbestuurheffing betaal.



Waterbronbestuurheffing



Dié heffing verseker beter waterhulpbronbestuur. Dit sluit in beheer oor die onttrekking van water, monitering van oppervlak- en grondwater, besoedelingbeheer, beplanning vir en ontwikkeling van nuwe skemas asook die uitroei van uitheemse indringerplante. Die heffing het op 1 April 2002 in werking getree en geld - sonder uitsondering - vir alle beduidende waterverbruikers.

DIE REKENING SAL DIE VOLGENDE INSLUIT

Heffing vir waternavorsing



Hierdie heffing word aangewend vir navorsing deur die Waternavorsingskommissie. Die heffing geld sedert 1984 en is betaalbaar vir water wat voorsien word vir besproeiing, nywerheidsverbruik en huishoudelike verbruik. Die meeste besproeiers betaal hierdie heffing as deel van hul betaling aan besproeiingsrade. In die toekoms sal die heffing ingesluit word in een rekening waarin die drie ander heffings ook vervat is.

Trans Caledon Tonnel Owerheid heffing (TCTO)



Dié heffing word betaal deur alle waterverbruikers in die Trans Caledon Owerheidskema. Betalers van dié heffing, sal voortgaan om dit te betaal.

Verbruiksheffing



Die gewone verbruikerheffing vir waterverbruik in staatswaterskemas sal gehêf word. Dié heffing geld slegs binne die betrokke skemas. Boere buite die skemas betaal nie dié heffing nie.

Waterbronbestuurheffing: wat kos dit?

Die Waterbronbestuurheffing word bereken per kubieke meter volgens drie hoofsektore - huishoudelik/nywerheid, besproeiing en bosbou. Die Waterbronbestuurheffing vir die landbousektor sal in die 2002/03 finansiële jaar nie meer as een sent per kubieke meter beloop nie.

Hoekom betaal net hierdie sektore?

Besproeide landbou, nywerhede/huishoudelike en bosbou is die belangrikste waterverbruikers. Wanneer verbruikers in dié sektore water verbruik, word dit uit 'n rivier of van grondwater verkry en die water is nie meer beskikbaar vir enige ander gebruik nie. Die Rouwater Prysbeplanningstrategie maak voorsiening daarvoor dat bogenoemde sektore die belangrikste betalers vir water is. 'n Heffing vir die storting van afval sal oorweeg word wanneer die Rouwater Prysbeplanningstrategie uitgebrei word na ander soorte waterverbruik. Die volgende gebruike van water sal aanvanklik deur die heffing geraak word aangesien hulle die belangrikste verbruikers van die land se beperkte beskikbare water is:

- Gebruik van water uit 'n hulpbron soos grondwater of oppervlakwater.
- Vermindering van stroomvloei - kommersiële bosbou-aanplanting.

Wat sal gebeur as jy nie betaal nie?

Wanbetaling is 'n ernstige oortreding en oortreders sal vervolgd word.



Departement: Waterwese en Bosbou

**Jou vennoot
in die bou
van 'n beter
toekoms**

TROTS
SUID-AFRIKAANS



Saam sal ons beter bestuur van waterbronne verseker Jy pluk die vrugte van jou betaling

Waterbronbestuurheffing is ingestel om te verseker dat die water in elke waterbestuursgebied bestuur word sodat die beperkte beskikbare waterbronne vir elke verbruiker toeganklik is

Jou betaling sal jou direk bevoordeel

- Die geld wat in elke Waterbestuursgebied (WBG) ingevorder word, sal in daardie besondere gebied bestee word. Die geld wat 'n waterverbruiker betaal sal dus regstreeks tot sy eie voordeel bestee word.
- Elke verbruiker se watergebruik het 'n invloed op iemand anders – waterbestuur moet dus die invloed beheer wat verbruikers in dieselfde opvanggebied op mekaar het.

Betaal jou Waterbronbestuurheffing en verseker sodoende jou reg op beskermde waterhulpbronne.



Departement: Waterwese en Bosbou

**Jou vennoot
in die bou
van 'n beter
toekoms**

TROTS
SUID-AFRIKAANS

